Taakspan Leraarontwikkeling

Verslag aan die Noordelike Sinode 2022

1. Opdrag

1.1 Die Sinode van 2016 het aan die taakspan vir Leraarsontwikkeling die opdrag gegee:

> Om 'n werkswinkel aan te bied wat aan predikante die geleentheid te gee om binne 'n veilige ruimte hulle bedieningsvaardighede te evalueer en daarna 'n strategie saam met hulle mentors voor te stel wat gevolg kan word vir groter bedieningsvaardigheid en bedieningsvreugde.

1.2 Na die afhandeling van die aanvanklike opleiding van begeleiers en die aanbieding van 'n eerste werkswinkel het die SDR die opdrag herhaal en ook uitgebrei om die volgende in te sluit:

> Die SDR gee opdrag aan die taakspan om weë te ondersoek om predikante op 'n ad hoc basis (en nie tydens 'n algemene werkswinkel nie) aan dieselfde proses bloot te stel.

2. Taakspan

Die taakspan het uit die volgende opgeleide begeleiers bestaan:

- Hannes Bezuidenhout
- Fanie Cronjè
- Derick du Toit
- Paul Grobler
- Wimpie Jordt
- Roelf Opperman (Taakspanleier)
- Lizl-Louise Schoeman
- Dewyk Ungerer

Wimpie Jordt is gedurende ons verslagtydperk oorlede.

3. Werkswyse

Predikante is aan die hand van die volgende bekwaamhede tydens ‘n drie-dag werkswinkel geassesseer:

- Afrigting en mentorskap (Dissipelskap)
- Besluitneming
- Effektiewe kommunikasie (insluitend konflikhantering)
- Emosionele volwassenheid
- Leierskap
- Eienaarskap en verantwoordbaarheid
- Geloofsonderskeiding
- Geestelike volwassenheid
- Denkvermoë

Dis ‘n baie persoonlike proses waar die predikante deur twee begeleiers (of een begeleier en ook die predikant se mentor) blootgestel word aan verskeie scenarios wat in die bediening mag afspeel. Die predikant se hantering van die scenarios word dan in ‘n reflekteringsgesprek ge-evalueer. Die predikant se vaardighede asook sy/haar blindekolle word bespreek.

Die volgende werkswyse word gevolg by die leraarontwikkelingsgesprekke:

- Die predikant word ‘n deelnemer óf op grond daarvan dat hy/sy dit so versoek het, óf omdat sy/haar Ring met ‘n proses in die gemeente besig is en dit daarom wenslik is, óf omdat die gemeente/kerkraad dit versoek het.
- Die deelnemer word gevra om vyf persone te identifiseer wat ‘n vraelys oor die predikant sal invul en terug te stuur wat ons vooraf verwerk.
- Die deelnemer meld vir ‘n periode van drie dae by die gesprekke aan.
- Aan elke één deelnemer word ‘n begeleier toegewys wat die hele proses meemaak. Die leraar bring ook sy/haar mentor saam. Die drie persone vorm saam ‘n span en werk vir die drie dae as ‘n eenheid saam.

- Aan die einde van die proses is daar 'n omvattende terugvoer-sessie waarin al die terugvoere en evaluerings geïntegreer word. Dit vind plaas in gesprek tussen die predikant, die begeleier en die mentor.

4. Uitvoering van die opdrag

Tans is daar 27 predikante wat in ons verslagtyd die proses deurloop het. Die laaste werkswinkel wat geskeduleer was vir 1-2 April 2020 het toe nie plaasgevind nie omdat die hele land as gevolg van Covid toegesluit was.

Daar is ook by twee geleenthede met groot sukses ge-eksperimenteer om die proses nie tydens 'n algemene werkswinkel nie, maar op 'n ad-hoc basis aan predikante wat behoefte daartoe het, aan te bied.

5. Aanbevelings

5.1 Die Sinode gee opdrag aan die moderatuur om ondersoek te doen na wyses om aan predikante die geleentheid te gee om hulle bedieningsvaardighede binne veilige ruimtes te evalueer en indien nodig strategië voor te stel wat gevolg kan word vir groter bedieningsvaardigheid en bedieningsvreugde.

6. Slotwoord

Die bedieningsvaardighede en bedieningsvreugde van die predikantekorps behoort hoog op die sinode se prioriteitslys te bly. Dit bly 'n voorreg om in die groeiproses van leraars se lewens betrokke te wees. Dankie vir die geleentheid wat die Sinode skep om leraars op hierdie wyse te begelei.

- Roelf Opperman